SAKE 24 (Burger Kaap)
Thursday, 7 October 2010, p. 15

Teba Bank word ubank

Groep het planne om kliëntegrondslag uit te brei

Maarten Mittner, Johannesburg

Die ou Teba Bank het sy naam verander na ubank en het groot planne om sy huidige kliëntebasis onder mynwerkers na ander markte uit te brei.

Teba sal vir eers onder beheer staan van twee trustees – die Kamer van Mynwese en die National Union of Mineworkers (NUM). Hoewel daar vir eers geen planne is om te noteer nie, sê mnr. Mark Williams, uitvoerende hoof, dat groot planne bestaan om te groei.

"Ons wil ons kliëntegrondslag uitbrei deur meer relevante produkte en dienste aan te bied."

Die nuwe produkte wat aangebied word, sluit in brons-, silwer- en goud-kleinhandelprodukte soortgelyk aan wat sommige van die groot banke aanbied sowel as die opsie om van selfoonbankdienste gebruik te maak.

Die bank bied ook 'n Visa-debietkaart aan met begrafnisversekering en lugtyd as aanvullende voordele.

Ubank het tans 500 000 kliënte met deposito's van R3 miljard. Ubank het 90 takke, 52 agentskappe en 74 kitsbanke.

Williams sê die verwagting is dat ubank oor die volgende 8 jaar sy kliëntetal tot 1 miljoen sal opstoot. Die bankgroep se kernbedrywighede sal steeds onder mynwerkers wees. Tussen R35 miljoen en R50 miljoen sal teen die einde van die huidige finansiële jaar bestee word om infrastruktuur uit te brei.

Mnr. Mark Williams, uitvoerende hoof van ubank (middel) wat voorheen bekend was as Teba Bank, tydens die bekendstelling vandeesweek. By hom is mnre. Ayanda Mjekkula (links), voorsitter van ubank, en Senzenzi Zokwana, president van die mynwerkersvakbond NUM.

Foto: LETTIE FERREIRA

Die nuwe bank het die volle seën van Cosatu ontvang. Vakbondleiers het ubank as 'n "werkersbank" bestempel waar werkers se belange eerste kom.

Volgens Williams het die mynbedryf die laaste tyd heelwat verander. Kontrak-arbeid speel al hoe minder 'n rol met werkers wat deesdae hoofsaaklik plaaslik gewerf word. "Meer as 85% van ons lede het aangedui hulle steun die veranderinge." Terselfdertyd is dit duidelik dat nie-Teba-kliënte steeds ubank as 'n mynwerkersbank beoordeel en nie as 'n bank wat hulle persoonlik sou oorweeg nie.

Williams het in 2007 by die bank aangesluit terwyl mnr. Mohammed Saloojee van Nedbank as uitvoerende hoof: kleinhandel aangestel is. Saloojee het sy tande in die bedryf geslyp by die ou Perm-bank en het onlangs 'n groot rol gespeel om Nedbank se kleinhandel-teenwoordigheid verder uit te bou. Die oorspronklike Teba word reeds meer as 100 jaar bedryf en het deur die jare verskeie veranderinge ondergaan. Dit is in 1976 in 'n spaartrust verander en in 2000 in Teba Bank omskep.